

## VII. VIERINGS TOT MET DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA (1902 TOT 1910)

### 1. AANVANKLIKE HERDENKINGS NA AFLOOP VAN DIE ANGLO-BOEREOORLOG (1902)

Op 31 Mei 1902 is 'n vredesooreenkoms tussen die Boereleiers en Brittanje onderteken en is kroonkoloniebestuur in die voormalige Boererepublieke ingestel.<sup>1</sup> Die Britte het gevrees dat 16 Desember voortaan vir politieke doeleindes misbruik sou word, maar die viering van die dag is tog nie verbied nie. Dit is egter voorlopig nêrens as amptelike vakansiedag erken nie.

Die lyding gedurende die Anglo-Boereoorlog het die Afrikaners in Suider-Afrika geestelik verenig en daar is toenemend gevoel dat 16 Desember aan hulle almal behoort. Die viering van Dingaansdag het 'n belangrike element vir die versterking van die Afrikaner se nasionale bewussyn geword. Milner se beleid om hierdie nasionalisme finaal die nekslag toe te dien, het juis tot die teendeel gelei. Die Afrikaner se volksbesef het meer as ooit tevore gegroei en die viering van Dingaansdag sou in die jare na die Anglo-Boereoorlog 'n deurslaggewende rol in dié verband speel. Waar feeste voor die Anglo-Boereoorlog veral op die verlede gefokus het, het die klem vanaf 1902 al meer na die toekoms verskuif. Die Afrikaner wou nou nie alleen meer weet waar hy vandaan gekom het nie, maar ook waarheen hy onderweg was.

Die pas afgelope stryd het nog 'n lydingsverhaal by die geskiedenisvertellings op feeste gevoeg. Vir ure lank is alle aspekte van die swaarkry gedurende die Anglo-Boereoorlog by feeste oorvertel. Hierdeur is 'n onmeetbare bydrae tot die geestelike herstel van die Afrikaner gelewer, want dit het die boodskap oorgedra dat die lyding nie tevergeefs was nie. Met kennis van die verlede kon die Afrikaner glo dat hy weer, soos na die moorde by Bloukrans in 1838 en die anneksasie van Transvaal in 1877, beter tye sou beleef. Die moedeloses het 'n nuwe toekomsverwachting en hoop uit die Dingaansfeeste se inhoud geput.<sup>2</sup> 'n Interessante vergelyking kan tussen die

---

<sup>1</sup> S.B. Spies, Rekonstruksie en unifikasie, 1902-1910, in T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p. 219.

<sup>2</sup> D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 52-53; P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 69; P.W. Grobelaar, *Volkslewe van die Afrikaner. Die verhaal van ons volkskunde*, p. 6; W. Kistner, The sixteenth of December in the context of Nationalistic thinking, in T. Sundermeier (ed.), *Church and Nationalism in South Africa*, pp. 83-84.

helende invloed van die geskiedenisvertellings by Dingaansfeeste vanaf 1902 en die getuienis wat na 1994 voor die Waarheids- en Versoeningskommissie afgelê is, getref word. In beide gevalle het die blote verbalisering van die lyding wat beleef is, vir slagoffers sielkundige afsluiting en genesing teweeg gebring.

Die Dingaansvierings van 1902 is op klein skaal aangepak weens die armoede en teneergedruktheid wat geheers het. Die koerant *Land en Volk* het op 12 Desember 1902 geskryf dat die dag weens die landstoestand juis op ernstiger wyse in die samelewing en kerke herdenk moes word. Hoewel die meeste besighede in stede soos Pretoria nie op 16 Desember gesluit het nie, is talle kerkdienste gehou. Verskeie Afrikaners het wel hulle ondernemings op die dag toegemaak.<sup>3</sup> Die eerste Dingaansdag na afloop van die Anglo-Boereoorlog het dus stil verloop.

## 2. VERWIKKELINGE RONDOM DIE GELOFTE EN HERDENKINGS IN 1903

### a. Statutêre erkenning in Transvaal

In 1903 het die Wetgewende Raad in Pretoria aandag aan Transvaal se openbare vakansiedae geskenk. Op 3 Junie 1903 is 'n wetsontwerp in hierdie verband voorgelê, maar Dingaansdag was nie onder die genomineerde vakansiedae nie. Toe die Raad op 9 Junie 1903 na die tweede lesing tot bespreking van die wet oorgaan, het sir Percy Fitzpatrick (1862-1931) voorgestel dat Dingaansdag ook op die lys moes kom. Hy het aangevoer dat die dag lankal reeds 'n vakansiedag in Transvaal was en vir almal wat met die land se geskiedenis bekend was, van besondere betekenis was. Hy het Bloedrivier as waarskynlik die mees uitstaande oorwinning in die Trekkers se reeks prestasies beskryf. Fitzpatrick was van mening dat 'n mens tog met trots die betekenis van die Dingaansvierings kon beseef, al was so 'n persoon nie in die land gebore nie. Die amendement is gesekondeer en besware dat nog 'n vakansiedag kommersieel nadelig sou wees, is afgewys. Die voorstel dat 16 Desember weer tot openbare vakansiedag verklaar moes word, is algemeen aanvaar. Op 17 Julie 1903 is die gewysigde Wet op Publieke Vakansiedae (Ordonnansie 37 van 1903) finaal goedgekeur en in die *Staatskoerant* gepubliseer.

---

<sup>3</sup> D.W. Krynaauw, Nageslag se ere aan die heldeskaar, *Die Brandwag* 8(252), 1944-12-15, p. 15.

**b. Gerugte oor Dingaansdag 1903**

Soos reeds genoem, is geld in 1903 bewillig om die Paardekraalmonument, wat gedurende die Anglo-Boereoorlog onder vandale deurgeloop het, te herstel. Die aankondiging van die toekenning het gerugte laat ontstaan dat pres. Kruger uit sy Europese ballingskap na Transvaal sou terugkom om op 16 Desember 1903 saam met sy volk Dingaansdag te vier. Die opwinding wat rondom hierdie gerugte ontstaan het, het só gegroei dat een van Kruger se seuns verplig was om ‘n openbare verklaring te maak dat dit nie die geval was nie.<sup>4</sup>

**c. Transvaalse geleentheidsprogramme**

In dié jaar is Dingaansdag wyd gevier en feeste is deur goeie belangstelling gekenmerk.<sup>5</sup> In Pretoria is 16 Desember 1903 streng deur die handelslui as vakansiedag nagekom. Eredienste is in al die plaaslike Afrikaanse gemeentes gehou. Dit is goed ondersteun. Oor die algemeen het Engelssprekende inwoners dit egter bloot as ‘n vakansiedag beskou en ligte vermaak ondersteun, byvoorbeeld pieknieks en ‘n sportprogram ten bate van liefdadigheid op die Caledoniese Sportgronde. Die aand kon hulle ‘n konsert in die Casino Teater bywoon, waarby die stad se burgemeester teenwoordig sou wees en “Mademoiselle Delmont, the graceful serpentine dancer” en die North Banjo Trio onder andere vir vermaak sou sorg.<sup>6</sup>

**d. Vrystaatse statutêre erkenning en vierings**

Aan die einde van die jaar, op 31 Desember 1903, is 16 Desember ook amptelik in die Oranje-Vrystaat tot openbare vakansiedag verklaar.<sup>7</sup> Tog is die dag reeds op 16 Desember 1903 as sodanig gevier.<sup>8</sup> Oor die algemeen was besighede gesluit. Die poskantoor in Bloemfontein was net vir enkele ure en beperkte dienste oop.<sup>9</sup> In ‘n Afrikaanse redaksionele berig in die Vrystaatse dagblad *The Friend*, is ‘n beroep op Dingaansdag op Afrikaners gedoen om saam te

---

<sup>4</sup> W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p. 292; Sentraal Feestkommissie, *Offisieel programma Dingaansdag viering 1916 ter herinnering. Paardekraal*, p. 11; D.W. Krynauw, Nageslag se ere aan die heldeskaar, *Die Brandwag* 8(252), 1944-12-15, pp. 15, 25.

<sup>5</sup> M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 41.

<sup>6</sup> *Pretoria News*, 1903-12-15 (Casino Theatre), p. 3; *Pretoria News*, 1903-12-16 (Day by day), p. 5; *The Star*, 1903-12-16 (Dingaansdag), p. 7.

<sup>7</sup> D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 55-57.

<sup>8</sup> *The Friend*, 1903-12-16 (Redaksioneel), p. 6.

<sup>9</sup> *The Friend*, 1903-12-16 (Dingaansdag), p. 5.

staan ter wille van die behoud van hulle taal, nasionaliteit en die waardes van die Trekkers. Daar is bygevoeg dat dit onder die tydgenootlike toestande in die Vrystaat grotendeels onmoontlik sou wees om soos voor die Anglo-Boereoorlog groot Dingaansdagbyeenkomste te hou. Tog is alle lesers versoek om die dag in erns tuis te herdenk en aan die jeug die geskiedenis van die Gelofte te vertel.<sup>10</sup>

Op enkele plekke het die verarmde volk wel soos voorheen in die opelug saamgetrek. By Vrede is ‘n groot fees onder ‘n reuse bokseil gehou. Reeds van vroeg op die oggend van 16 Desember 1903 was mense en rytuie na die versamelpunt onderweg. Die weer was gelukkig mooi. Om 09:00 het die feesvoorsitter die aanwesiges hartlik verwelkom. Daarna het ‘n diens en ‘n gesellige middagete gevolg. Om 14:00 het D.P. (oom Dirkie) Cilliers, ‘n seun van Sarel Cilliers, asook verskeie ander sprekers die rede gevoer. Een van die sprekers was selfs uit die Boland afkomstig. Ten slotte is bedankings gemaak en die eerste vers van Gesang 180 gesing. Die teenwoordiges het hoogs tevrede met die dag se verrigtinge uiteen gegaan.<sup>11</sup>

Nog ‘n seun van Sarel Cilliers, kommandant Sarel Cilliers, het as spreker by ‘n fees op die plaas Rooipoortjie naby Kroonstad opgetree. By dié byeenkoms is die teenwoordiges se dank by voorbaat teenoor die Regering uitgespreek vir die behoud van 16 Desember as openbare vakansiedag. ‘n Feeskommissie is ook verkies.<sup>12</sup>

Soos reeds genoem, het die na-oorlogse feeste veral op die toekoms gefokus. Dit beteken dat spesiale aandag ook aan kinders se betrokkenheid by herdenkings gegee is. Op Zastron se markplein is ‘n program vir die jeug op 16 Desember deur ‘n dame met die van Hoyle gereël. Ongeveer tweehonderd kinders het dit bygewoon en is gratis van koeldrank voorsien. Verskeie atletiekitems was op die program, maar geen melding is van meer gewyde items gemaak nie.<sup>13</sup>

#### e. **Gedigte ter herdenking van Dingaansdag**

Onder die moeilike toestande van die tyd, het Dingaansdag digters opnuut geïnspireer en twee gedigte word in 1903 in die media aangetref. Die eerste daarvan, met die titel

---

<sup>10</sup> *The Friend*, 1903-12-16 (Redaksioneel), p. 6.

<sup>11</sup> *The Friend*, 1903-12-21 (Dingaansdag), p. 7.

<sup>12</sup> *The Friend*, 1903-12-24 (Dingaansdag), p. 6.

<sup>13</sup> *The Friend*, 1903-12-23 (Zastron children’s sports), p. 5.

*Een Gedicht over Dingaansdag*, het in *The Friend* verskyn. Die digter daarvan is ongelukkig nie vermeld nie. Die slotstrofe dui op die noue verband wat tussen Dingaansdag en die eietydse leiding gesien is:

Wij gedenken, wij gedenken  
    Het overwinningsuur  
Teen Dingaans' wilde heidenbend  
    Brak voor der Vad'ren vuur,  
Toen Umzinjati's donk're stroom,  
    Gehuld in morgen gloed,  
Naar d'Oceaan zijn waat'ren zond  
    Gekleurd door kafferbloed.

Wij gedenken, wij gedenken  
    Het duurgekocht Natal  
Zoo smartelijk door ons volk betaald  
    Met bloed en tranental.  
Zoo diep ons in het hart gegrifd,  
    Zoo teer door ons bemind,  
Het einddoel van den Vad'ren trok  
    Een band die ons verbindt.

Wij gedenken, wij gedenken  
    De graven aan Blauwkrans,  
Waar kreet op kreet in stervenstrijd  
    Steeg tot des Hemels trans.  
Waar moeder, dochter, vrouw en kind  
    Uit diepen slaap gestoord,  
Door d'Ismaelietin koelen bloed  
    Wreeddaardig werd vermoord.

Wij gedenken, wij gedenken  
    Aan Weenen's weenend dal  
War't oog van tranen nat geweend,  
    Onwrikbaar, vast en pal,  
Ciliers [sic] zijn mannen samenriep,  
    En sprak: "Op, mannen, voort,  
De volle stroom stuit's vijands vlucht  
    Vergelding voor de moord!"

Wij gedenken, wij gedenken  
    De leider van weleer,  
Die met het oog op God gericht,  
    Nooit zoekend eigen eer.  
Manmoedig, dapper, onbevreesd,  
    Getrouw tot in den dood,  
Het verste, verste nageslacht  
    Een kostbaar erfdeel bood.

Wij gedenken, wij gedenken  
Wat eenmaal werd beloofd,  
Toen't heldental met Piet Retief  
In doodslaap lag verdoofd:  
Dat als God hun de zege schonk  
En brak der Zulu's macht,  
Die dag een dag van dank zou zijn  
Voor hen en nageslacht.

Wij gedenken, wij gedenken  
Dat God ons lijden zag,  
Toen Hij ons overwinning schonk  
Op die September [sic] dag.  
Toen Hij de heiden zelf bestreed,  
Zich opwierp in hun pad,  
En't arm Natal de ruste schonk,  
Die't o, zoo noodig had.

En wij bidden, en wij bidden  
Geef ons toch heil na strijd.  
Gij ziener van't verscheurd gemoed  
Gij weet ons harte lijdt!  
Trek toch Uw hand niet van ons af.  
Sla ons in liefde ga.  
Droog de tranen, heel de wonden  
In't arm Zuid Afrika.<sup>14</sup>

Die tweede gedig, met die naam *Dingaansdag*, het uit die pen van N. Hofmeyr (vermoedelik die skrywer Nicolaas Hofmeyr — 1860-1932)<sup>15</sup> verskyn. Dit bewys dat die Afrikaner 'n behoefte aan 'n roemryke verlede gehad het en dat die viering van Dingaansdag hieraan beantwoord het:

Kan het zijn, dat een volk van zijn roemrijk verleden,  
Zijn geschiedenis, afkomst en helden niets weet?  
Zoo verkleefd aan het goud of genot van het heden,  
Dat het nakroost de daden der vad'ren vergeet?

Kan het zijn, dat der edele voortrekkers [sic] zonen,  
Door het voorbeeld van vreemden betooverd, verkracht,  
Het geloof en de zeden van't voorgeslacht honen,  
En zich schamen te stammen van zulk een geslacht?

't Mochte zijn, maar niet ons zal die schaamte behagen,  
Wij zijn fier op onz' afkomst, 't is steeds onze vreugd  
Om de naam "Afrikaner" met eere te dragen,  
Want de naam is een roepstem en spoorslag tot deugd.

<sup>14</sup> Anoniem, Een Gedicht over Dingaansdag [gedig], *The Friend*, 1903-12-19, p. 7.

<sup>15</sup> W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, p. 319.

Ja een spoorslag tot deugd, want er bruist ons door d'ad'ren  
Een gevoel van verrukking, van geestdrift en moed,  
Als wij lezen hoe kalm en blijmoedig de vad'ren  
Voor hun land, volk en vrijheid vergoten hun bloed.

Al bespotten ons vreemden, verwaand en vermeten,  
Wij zijn dankbaar en trotsch Afrikaners te zijn,  
Want wij weten, wat zij in hun onkund niet weten:  
Ons verleden is groot, schoon in jaren nog klein.

Van De Ruyters en Tromps kunnen wij niet gewagen,  
Noch van Washingtons, Nelsons, Napoleons, want ziet!  
Wij zijn arm en verdeeld nog, wij hebben geen haven,  
En wij droomen van legers en vlooten nog niet.

Dat het ons dan genoeg zij van daag slechts te wijzen  
Op de zege behaald in het verre Natal,  
Want Dingaansdag gebiedt ons, de Heere te prijzen  
Voor de bloedwraak der Boeren op Bloedriviers wal.

Afrikaners! viert feest, heft het harte naar boven,  
De gelofte der vad'ren getrouw! 't Is uw plicht,  
Uw behoefte en voorrecht, uw God thans te loven  
Voor de roemrijke daad door die helden verricht.

Toen de ruwe barbaren,  
Verwilderd, verwoed,  
In ontelbare scharen,  
Reeds dronen van bloed  
Ze omringden als bijen.  
Dingaan staart met trotsch  
Op de golvende reien,  
Gewapend met knods,  
Assegaaien en schilden;  
Hij ziet reeds het laager  
Overstroomd door zijn wilden ...  
"Pretorius! Sta klaar!  
Het gevecht is een bloedwraak,  
De prijs is — Natal!  
Geef Dingaan nu een voorsmaak  
Van nad'rende val!"

Het is vroeg op de morgen  
Des Sabbats, o wee!  
Door het duister verborgen  
Daar nadert de zee  
Van barbaren, met dreunend  
Gedans en geruis,

Diep brommend en steunend:  
Een dond'rend gedruis,  
Hooft hun rythmische treden  
Van zangen verzeld;  
Ziet hun rachtige leden!  
Elk een is een held,  
In de oorlog geoeffend  
Door Chaka, Dingaen,  
Nimmer leidsman behoevend  
Om voorwaarts te gaan.

Kan het zijn dat de Boeren  
In slaap zijn gerust?  
Men hoort niemand zich roeren,  
Zijn allen gerust  
In 't gevaar? ... Neen zij knielden  
Met Sarel Cilliers  
Achter takken en wielen,  
En storten een beê,  
Als nog nimmer te voren, —  
Zoo wordt ons vermeld,  
't Is alsof wij hem hooren,  
Die priester en held,  
Uit de diepte zijns harten  
Met nadruk en klem  
Tot de Man aller Smarten  
verheffend zijn stem.

Maar de vijand komt nader,  
De ure is daar  
Om de valsche verrader,  
De sluwe barbaar  
Eens voor goed te verplett'ren,  
Men grijpt het geweer .....  
Hooft! de kogelen klett'ren ...  
De Zulu stort neer  
Als het koorn voor de zeisen  
In 't ruisende veld,  
Doch ziet! honderd verrijzen  
Waar één wordt geveldt,  
Maar het bloed van de kind'ren  
Roept luide om wraak:  
Hunne rangen vermind'ren,  
Elk Boer schiet slechts raak.

Toch kan niemand ze keeren;  
Ze tartten het lood,  
Dat uit honderd geweren  
Verkondigt hun dood,



Ziet! ze grijpen als gieren,  
Met nagel en bek,  
Het gevecht wordt nu hevig  
Op Bloedriviers wal:  
Maar het laager is stevig,  
De Boeren staan pal  
En ontzien geen gevaren  
(Hun bloed is te warm);  
Komen duizend barbaren,  
Nooit moede hun arm!

Doch Dingaans wil niet wijken,  
Al is hij verslaan:  
Over duizende lijken  
Valt hij keer op keer aan,  
Maar vergeefs al zijn schelden,  
Rumoer en geraas:  
Onze Boeren zijn helden,  
Pretorius blijft baas!  
Zij gedenken aan Weenen,  
Aan Blauwkransrivier  
En aan Moordspruitsgraffsteenen:  
Zij vechten zoo fier  
Dat de Zulu — geen wonder!  
Drieduizend gedood! —  
Het geduchte gedonder  
Der Boeren ontvlood.

Afrikaners! viert feest, heft het harte naar boven,  
De gelofte der vaad'ren [sic] getrouw, 't is uw plicht,  
Uw behoefte en voorrecht, uw God thans te loven  
Voor de roemrijke daad door die helden verricht.

't Is Dingaansdag vandaag, maakt u op, mannen, broeders!  
Door de lengte en breedte des lands zij er feest,  
Laat de ouden en jongen, de vaders en moeders  
De gelofte geden[k]en in waarheid en geest.<sup>16</sup>

#### **f. Feesherlewing in Natal**

In Natal het 'n herlewing in entoesiasme vir feeste vanaf 1903 plaasgevind — moontlik omdat Utrecht en Vryheid na afloop van die Anglo-Boereoorlog by Natal ingelyf is en die inwoners van hierdie gemeenskappe juis ywerige Dingaansdagvierders was.<sup>17</sup>

<sup>16</sup> N. Hofmeyr, Dingaansdag [gedig], *The Friend*, 1903-12-21, p. 6.

<sup>17</sup> D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 55-57.

Gaandeweg was Gelofteherdenkings dus besig om weer statutêre erkenning en al hoe meer gemeenskapsteun deur Suider-Afrika te verwerf.

### 3. BYEENKOMSTE VAN 1904

#### a. Begrafnis van oud-pres. Paul Kruger (16 Desember 1904)

Die gebeurtenis op 16 Desember 1904 wat alle ander Dingaansdagbyeenkomste van dié jaar in die skadu gestel het, was onteenseglik die begrafnis van oud-pres. Paul Kruger in Pretoria. Kruger is op 14 Julie 1904 in Switserland oorlede. Daar is besluit dat hy op 16 Desember in Pretoria ter ruste gelê sou word, want daar is spesiaal gewag vir ‘n gedenkwaardige dag waarop dié plegtigheid kon plaasvind. Dingaansdag is as die ideale geleentheid beskou. Vriend en vyand is diep deur die patos van Kruger se nadoodse terugkoms na sy tuiste geroer.<sup>18</sup> Uit alle dele van Suider-Afrika het mense vir die begrafnis na Pretoria gestroom. Alle hotelle in die stad was vol en baie mense het in die omgewing gekamp.

Op 15 Desember het meer as ‘n duisend-driehonderd skoolkinders in skoolure sy stoflike oorskot besigtig waar dit in die Susannasaal in staatsie gelê het. Kore het daar opgetree en ‘n kort rede is selfs vir die kinders gehou. Die nag van 15 Desember het ‘n rukwind ‘n deel van die Bosmanstraatkerk se dak afgewaai, maar die stormweer het gelukkig teen die môre bedaar.

Dingaansdag, 16 Desember 1904, was ‘n somber dag sonder vreugde en ‘n nasionale fees enig in sy soort. Sowat twintigduisend mense was in Pretoria byeen, insluitende ongeveer vyftig predikante. Staanplek is vir die toeskouers in Kerkstraat-Wes voorberei. Tipies Victoriaans is afsonderlike ruimtes met ysterheinings vir mans en dames in die straat afgeskort. Die begrafnisdiens is deur ds. P. Postma van Zeerust gehou. Di. H.S. Bosman en C.W. du Toit het ook elk ‘n rede gehou. Frédéric Chopin (1810-1849) se dodemars is in die plek van die Transvaalse volkslied gespeel.<sup>19</sup>

<sup>18</sup> *Pretoria News*, 1904-12-10 (The home-coming of Paul Kruger), p. 5.

<sup>19</sup> *The Friend*, 1904-12-19 (De begrafenis van de leeuw van Rustenburg), p. [3]; *Pretoria News*, 1904-12-17 (The last rites), p. 5; D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 52-54; M.J. Swart, *Geloftedag*, pp. 41-45; A.D. Pont, Die boodskap van Geloftedag, *Die Christelike Kultuuraksie VI*, p. 9.

Na afloop van die begrafnis het dagblaai in Brittanje die teenwoordiges se Afrikanernasionalisme gekritiseer. Die mening is uitgespreek dat die meeste begrafnisgangers se houding en uitsprake oor hulle verlies aan vryheid, Engelsspreekendes ontuis by hierdie plegtigheid laat voel het.<sup>20</sup> Dit is wel waar dat sprekers soos genl. C.R. de Wet, sterk patriotiese boodskappe gelewer het. Tog was beide bedroefde Boer en simpatieke Brit, volgens die plaaslike pers in groot getalle in harmonie saam by die seremonie. Omdat talle Engels- en Afrikaansspreekendes ewe veel vir Kruger omgegee het, is die hoop selfs uitgespreek dat die verskille tussen die twee groepe op 16 Desember 1904 saam met hom ter ruste gelê sou word.<sup>21</sup>

Veral Afrikaners is dwarsdeur Suider-Afrika op dié dag deur hulle leed verenig. Met sy dood het Kruger selfs meer stukrag aan die nasionalistiese inhoud van Dingaansdag verleen as met sy optredes by feeste in sy lewe.<sup>22</sup> Tereg het *Pretoria News* berig dat die begrafnis as 't ware die begin van 'n nuwe era in 'n gemeenskaplike land, Suid-Afrika, was.<sup>23</sup>

#### **b. Ander Transvaalse Dingaansdagherdenkings van 1904**

Alle Transvalers was nie by Kruger se begrafnis betrokke nie. By Kafferskraal (sowat nege kilometer vanaf Heidelberg) is 'n fees in 1904 aangebied wat tot in die een-en-twintigste eeu 'n jaarlikse instelling sou bly. Die Kafferskraal Dingaansfeeste het mettertyd 'n eie tradisie ontwikkel en een van Transvaal se grootste jaarlikse byeenkomste geword.<sup>24</sup>

#### **c. Vrystaatse en Natalse vierings van dié jaar**

Inwoners van die Oranje-Vrystaat het in die Transvalers se leed oor Kruger se afsterwe gedeel en hulle deelneming in hierdie verband met herdenkings van die Geloofte gekombineer. In Bloemfontein is 'n spesiale oggenddiens om 10:00 in die Ned. Geref. Kerk gehou, waartydens lesse uit die verlede aan die aanwesiges voorgehou is, die teenwoordiges herinner is om hulleself te verootmoedig en God vir Sy liefde gedank is. Nog 'n diens het om 14:00 aldaar plaasgevind. Paul Kruger se begrafnis is tydens die verrigtinge in herinnering geroep. Daar is

---

<sup>20</sup> *Pretoria News*, 1904-12-17 (Latest cables), p. 5.

<sup>21</sup> *The Star*, 1904-12-16 (Editorial), p. 8; *Pretoria News*, 1904-12-17 (The last rites), p. 7.

<sup>22</sup> M.J. Swart, Eerste Geloftedag in die Republiek, *Die Huisgenoot* 42(2074), 1961-12-15, p. 6; M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 44.

<sup>23</sup> *Pretoria News*, 1904-12-17 (The last rites), p. 7.

<sup>24</sup> *Beeld*, 1978-12-13 ('n Gesoute feesman), p. 4.

herhaal dat 16 Desember ‘n heilige dag vir Afrikaners was.<sup>25</sup> Dit was ‘n ysige, reënerige dag en ligter vermaak soos byvoorbeeld pieknieks, het min aftrek gekry.<sup>26</sup>

Nog ‘n besondere opelugfeestradië is in die jaar gevestig, naamlik die Dingaansdagvierings van wat later as Josephinasdal sou bekendstaan. ‘n Groepie Vrystaters wat pas van krygsgevangenis op St. Helena teruggekeer het, wou graag ‘n debatsvereniging stig. Op 28 Mei 1904, dus nog voordat oud-pres. Kruger oorlede is, het hulle besluit om ‘n Dingaansfees in Desember van dieselfde jaar by Taaibosspruit (later bekend as Josephinasdal) naby Verkeerdevlei te hou. Hulle wou daarvan ‘n jaarlikse instelling maak. Die fees het inderdaad in 1904 plaasgevind en by die geleentheid is Okkie van Niekerk as eerste voorsitter van die Dingaansfeeskomitee aangewys.

In die eerste jare het die fees tussen plase in die omgewing rondgeswerf, maar die programinhoud was redelik onveranderd. Die oggend van 16 Desember het altyd uit ‘n geestelike program bestaan en die middag is aan volksvermaak gewy. Die mans en dames van die omgewing kon mekaar dan beter leer ken. In die komitee se joernaalboek is genotuleer dat die Bybel liefde van gelowiges vereis en as die mans en dames ‘n geleentheid kon kry om saam te kuier, sou liefde wel volg.<sup>27</sup> Dingaansdag was ongetwyfeld ‘n geleentheid waar toekomstige lewensmaats mekaar kon ontmoet. Juis by Josephinasdal het C.R. Swart, latere president van die Republiek van Suid-Afrika, en die toekomstige mev. Nellie Swart in 1920 besluit dat hulle vir mekaar bestem was!<sup>28</sup>

Die saamtrekke by Josephinasdal het ‘n bekende Vrystaatse instelling geword en hierdie terrein kan saam met dié by Vegkop as die Oranje-Vrystaat se vernaamste feesplekke beskryf word.

*The Friend* het op 22 Desember 1904 berig oor ‘n opelugfees wat met groot sukses oor twee dae by Kafferrivier naby Bloemfontein aangebied is. Dit is deur eenhonderd-en-elf mense bygewoon. Op 15 Desember 1904 is boeresport en atletiekitems gehou. Mense het in en onder

---

<sup>25</sup> *The Friend*, 1904-12-15 (Bloemfontein), p. [3].

<sup>26</sup> *The Friend*, 1904-12-17 (The holiday), p. [6].

<sup>27</sup> *Die Volksblad*, 1954-12-17 (Slegs republiek kan groepe in S.A. verenig), p. 3; W. Botes, Geloftefees op Taaibosspruit – ons kyk terug oor vyftig jaar, *Die Kerkbode* 75(4), 1955-01-26, p. 107.

<sup>28</sup> *Die Volksblad*, 1954-12-17 (Duisende op Josephinasdal), p. 9.

ossewaens op die terrein uitgekamp. Toe almal die aand gaan slaap, kon talle klapgeluide deur die laer gehoor word soos wat kampeerders hulle koppe met die inkruipslag teen die waens se buikplanke gestamp het! Op 16 Desember het die program uit ‘n biduur om 07:00, diens om 10:00, feesrede en bedankings bestaan.<sup>29</sup>

Elders op die Vrystaatse en Natalse platteland het herdenkings veral gesprek van Afrikanernasionalisme en die leed wat deur Kruger se dood veroorsaak is. Op Ladybrand het alle vlae, selfs dié by regeringskantore, halfmas gehang. Geleentheidsdienste ter herdenking van die Geloofte en Kruger is in die Afrikaanse kerke op die dorp gehou.<sup>30</sup> Op Greytown het die kerkklokke op 16 Desember 1904 byvoorbeeld al vanaf 06:00 die getroues tot aanbidding opgeroep. Om 10:00 het ‘n groot diens in die Ned. Geref. Kerk plaasgevind. In ‘n uiters patriotiese boodskap is die teenwoordiges herinner dat die drie krone van die volk sy godsdiens, nasionaliteit en taal was en dat dit in stand gehou moes word.<sup>31</sup> Daar kan aanvaar word dat soortgelyke tonele hulle in dié jaar ook op vele ander dorpe afgespeel het.

#### 4. WYER INHOUD VIR GELOFTEVIERINGS (1905 TOT 1906)

##### a. Ontstaan van die kransleggingstradisie op 16 Desember (1905)

Afrikaners se historiese besef is deur Geloofteherdenkings soos dié van 1904 aangewakker. Tydens die Tweede Volkskongres in Pretoria is op 8 Julie 1905 voorgestel dat die grafte van vroue en kinders wat in die konsentrasiekampe oorlede is, jaarliks op 16 Desember met blomme versier moes word. Dit is algemeen aanvaar.<sup>32</sup> Vanaf 1906 is talle monumente ook by konsentrasiekampkerkhowe onthul. Verskeie Dingaansfeeskomitees het hulle beywer vir die versorging van die grafte aldaar en die taak as deel van hulle verantwoordelikhede aanvaar.<sup>33</sup> Op die wyse is die Afrikaners se nasionale bewuswording en ontwikkeling al nouer aan Geloofteherdenkings verbind.<sup>34</sup> Daar is emosioneel verklaar dat Dingaansdag die enigste vakansiedag was wat na die Anglo-Boereoorlog spesifiek vir die Afrikaner behoue gebly het.

<sup>29</sup> *The Friend*, 1904-12-22 (Kafferrivier), p. [3].

<sup>30</sup> *The Friend*, 1904-12-20 (Ladybrand), p. [6].

<sup>31</sup> *The Friend*, 1904-12-21 (Greytown), p. [3].

<sup>32</sup> G.S. Preller, Dingaansdag. Geskiedenis van die Voortrek, in G.S. Preller en W.J. van Zijl, *Bloed Rivier Dorp en die Voortrekkers Geloofte*, p. 21; *Die Transvaler*, 1946-12-16 (Viering van 16 Des. sedert 1902), p. 5.

<sup>33</sup> P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 69.

<sup>34</sup> M.J. Swart, *Gelofte dag*, pp. 49-50.

**b. Transvaalse feeste van 1905**

In 1905 het Dingaansfeeste na patrone teruggekeer wat voor Kruger se begrafnis gevestig is. In hierdie jare is al meer Afrikanerkultuurorganisasies gestig wat ook met die reël van Geloofteherdenkings gemoeid was. Op Bronkhorstspuit is ‘n fees byvoorbeeld op 16 Desember 1905 deur die “Het Volk”-vereniging aangebied. Die program het hoofsaaklik uit eredienste en feesredes bestaan. Die opkoms was klein, want die weer was baie ongunstig. Tog is die aanwesiges nie hierdeur ontmoedig nie. Hulle het besluit om ‘n feeskommissie te verkies en ‘n vaste terrein te vind waar die herdenkings voortaan jaarliks kon plaasvind.

‘n Meer suksesvolle byeenkoms het by Klipfontein naby Heidelberg in Transvaal plaasgevind. Ongeveer seshonderd mense was daar teenwoordig. Die program is deur ds. J. van Belkum (1851-1933) gelei. Die Dingaansdagprogram van 16 Desember het vertellings deur twee dames wat die Groot Trek persoonlik beleef het, ingesluit. Op Sondag 17 Desember was die feesgangers nog op die terrein byeen. Al het dit begin reën, het hulle met die eredienste tussen die buie deur voortgegaan. ‘n Feeskommissie is ook aldaar verkies.<sup>35</sup>

**c. Dingaansdagkontroversie onder Vrystaatse handelslui (1905)**

Omdat 16 Desember in 1905 op ‘n Saterdag geval het, was daar talle Vrystaatse handelaars van buitelandse afkoms wat bereid was om op dié dag sake te doen. Dit het groot ontevredenheid onder Bloemfontein se meer gevestigde besigheidsmense en toegewyde Dingaansdagvierders veroorsaak. *The Friend* het die oorywerige handelaars daarvan beskuldig dat hulle geen konsiderasie vir die publiek met dié optrede getoon het nie en ook nie ‘n Suid-Afrikaanse gees geopenbaar het nie. Deur oop te bly sou hulle die persepsie versterk dat hulle net in die land was om geld te maak. Hulle is herinner dat 16 Desember nie ‘n piekniekdag was nie, maar ‘n dag vir trotse herinnering en “a proud national consciousness”.

*The Friend* het ‘n spesiale halfblad afgestaan aan die advertensies van besighede wat wel op 16 Desember sou sluit, in ‘n poging om hulle te ondersteun. Dit was onder die opskrif

---

<sup>35</sup> C.J. Beyers and J.L. Basson (eds.), *Dictionary of South African biography V*, p. 790; *De Volkstem*, 1906-01-06 (Dingaansdag), p. [8].

“Dingaan’s Day holiday announcements” en het die volgende aankondiging van die Bloemfonteinse Handelskamer ingesluit:

The Committee of the Chamber of Commerce urges members and other Storekeepers to recognise the PUBLIC HOLIDAY proclaimed by Law as DINGAAN’S DAY, and to close their business premises on that date, SATURDAY, 16th INSTANT.

Sommige adverteerders was baie patrioties. G.A. Fichardt & Co. het byvoorbeeld verklaar:

Dingaan’s Day was instituted to commemorate the Victory of Civilisation over South African Savagery, and it should therefore be Strictly observed as a Holy-day by every White Man in South Africa.

We CLOSE on DINGAAN’S DAY (TO-MORROW, the 16th inst.), and respectfully request OUR CUSTOMERS to place their week-end orders TO-DAY.

Andere was minder uitgesproke nasionalisties. Alex. Easton & Co. se advertensie het gelui:

WHEREAS the 16th DAY of DECEMBER, known as DINGAAN’S DAY, has heretofore been observed as a PUBLIC HOLIDAY, now therefore do we, ALEX. EASTON & CO., High Class Grocers, 85, High Street, DECLARE that we care not one jot whether we open or not; but we herein Proclaim to the entire community that all goods passed over our counter are absolutely fresh and of the finest quality.<sup>36</sup>

Die Bloemfonteinse Handelskamer het op 14 Desember 1905 ‘n noodvergadering oor die saak gehou. Sommige sakelui se verweer oor die besluit om nie te sluit nie, was dat hulle gemeen het dat Maandag 18 Desember 1905 ook ‘n openbare vakansiedag sou wees en dat handel op 16 Desember dus noodsaaklik sou wees. ‘n Petisie is gesirkuleer om alle handelaars aan te moedig om op die Saterdag oop te bly en onder bogenoemde wanindruk het enkele lede van die Handelskamer dit onderteken. Hulle is oor die vingers getik.<sup>37</sup>

#### **d. ‘n Vrystaatse herdenking van 1905**

Te midde van al die onenigheid het ‘n groot klomp Bloemfonteiners (veral jongmense) weer by Kafferrivier vir ‘n Dingaansfees saamgetrek en onder meer in tente wat van die Polisie diens

---

<sup>36</sup> *The Friend*, 1905-12-15 (Advertisements), p. [4]; *The Friend*, 1905-12-15 (Editorial), p. [5].

<sup>37</sup> *The Friend*, 1905-12-15 (Dingaan’s Day), p. [6].

geleen is, uitgekamp. Daar was meer vierders as in 1904 en die program het andermaal uit beide ligte vermaak en godsdienstige items bestaan.<sup>38</sup>

**e. Poging tot Kaapse statutêre erkenning (1906)**

In die Kaapprovinsie het belangstelling in Gelofteherdenkings geleidelik begin sigbaar word. In 1906 is voorgestel dat 16 Desember ‘n openbare vakansiedag in die Kaapkolonie moes word, maar dit is deur die Kaapse Parlement afgestem.<sup>39</sup>

**f. Dingaansdag 1906**

Min inligting is oor die Gelofteherdenkings van 1906 bekend. Op die oggend van Sondag 16 Desember 1906 het ‘n groot groep Afrikanervroue van Pretoria die grafte van slagoffers van die Anglo-Boereoorlog met blomkranse versier, soos in 1905 besluit is.<sup>40</sup>

In die Vrystaat was Maandag 17 Desember 1906 ook ‘n openbare vakansiedag.<sup>41</sup> Baie soorte vermaak is op die dag in die stad aangebied, byvoorbeeld pieknieks, ‘n gimkana, krieketwedstryd, gholftoernooi en ‘n opvoering van die drama *The walls of Jericho* in die Grand Theatre. Die eerste sooi van die treinspoor tussen Bloemfontein en Kimberley is ook op dié dag gespit.<sup>42</sup>

Pas voor Dingaansdag, naamlik op Saterdag 15 Desember 1906, is ‘n monument ter ere van die vroue en kinders wat in die konsentrasiekamp by Brandfort oorlede is, op dié dorp onthul. Die seremonie is deur ongeveer ‘n duisend mense bygewoon. Hulle het die Regering geloof vir die insette om die grond daarvoor te bekom.<sup>43</sup> Soos reeds genoem is hierdie tipe seremonies toenemend van 1906 af aan Dingaansdagbyeenkomste gekoppel, hoewel dit dikwels, soos in hierdie geval, eerder op die dae pas vóór of ná 16 Desember gehou is. Dit was waarskynlik omdat daar gevoel is dat aandag nie op die dag van die Gelofte en die herdenking daarvan

---

<sup>38</sup> *The Friend*, 1905-12-19 (Kaffer River), p. [3].

<sup>39</sup> F.J. du Toit Spies, Hier staan ons ... Die Gelofte van 1838, *Handhaaf* 21(2), November 1983, p. 12.

<sup>40</sup> *Pretoria News*, 1906-12-16 (Day by day), p. 5.

<sup>41</sup> *The Friend*, 1906-12-15 (The holiday), p. [5].

<sup>42</sup> *The Friend*, 1906-12-17 (The holiday), p. [7].

<sup>43</sup> *The Friend*, 1906-12-19 (Concentration camps), p. [6].



afgetrek moes word nie, hoewel histories belangrike gebeure wel suksesvol op 15 of 17 Desember daarmee gekombineer kon word.

## 5. FEESTE EN POGINGS TOT STATUTÊRE ERKENNING OP DIE VOORAAND VAN UNIEWORDING (1907 TOT 1909)

### a. Eerste gesprekke oor nasionale vakansiedae (1907)

In 1907 het 'n Suider-Afrikaanse tolkonferensie plaasgevind. By die geleentheid het verteenwoordigers van die handelswêreld en bankwese genoem dat die verskillende vakansiedae in die vier dele van die land besig was om vir hulle baie probleme te veroorsaak. Daar is gevolglik besluit dat dieselfde openbare vakansiedae in al vier kolonies moes geld. Die besluit sou uiteindelik bydra daartoe dat Dingaansdag vanaf 1911 in die hele Unie van Suid-Afrika gevier sou word. Aangesien planne vir hierdie verenigingsproses teen 1907 reeds in die pyplyn was, is voorlopig besluit om die saak tot na Uniewording te laat oorstaan.<sup>44</sup>

### b. Herdenkings van 1907

Op die oggend van 16 Desember 1907 het lede van De Jonge Dames Vereeniging soos die vorige jaar vanaf 07:00 grafte in Pretoria met blomme versier.<sup>45</sup> Die stad se poskantoor het op dié dag beperkte dienste vir beperkte ure gelewer.<sup>46</sup> Inwoners kon meer oor die geskiedenis van die Slag van Bloedrivier te wete kom in 'n artikel wat in die *Pretoria News* verskyn het. Pretorius se verslag van 23 Desember 1838 is onder meer in Engels daarin aangehaal.<sup>47</sup> Mense wat minder waarde aan die Gelofte geheg het, kon Dingaansdag deurbring by fietswedrenne wat deur die Pretoria Amateur Cycling Club op die Caledoniese Sportgronde aangebied is.<sup>48</sup> In die aand is 'n konsert in Pretoria se dieretuin gehou waarby die Queen's Bays Militêre Orkes die hoofster was.<sup>49</sup>

---

<sup>44</sup> *Die Burger*, 1934-12-17 (Van alle kante), p. 5.

<sup>45</sup> *Pretoria News*, 1907-12-14 (Day by day), p. [5].

<sup>46</sup> *Pretoria News*, 1907-12-13 (Dingaan's Day. Postal arrangements), p. 5.

<sup>47</sup> *Pretoria News*, 1907-12-16 (Dingaan's Day), p. 5.

<sup>48</sup> *Pretoria News*, 1907-12-14 (Day by day), p. [5].

<sup>49</sup> *Pretoria News*, 1907-12-14 (Monday's concert at the Zoo), p. [5].

Teen 1907 is die feit dat Dingaansdag ‘n openbare vakansiedag in die Oranje-Vrystaat was, onbestrede deur die sakelui aanvaar.<sup>50</sup> Dit is nie bekend of enige Gelofteherdenkings in dié jaar in of om Bloemfontein plaasgevind het nie. Daar is wel melding gemaak van ‘n spesiale krieketwedstryd wat op 16 Desember in die stad gespeel is.<sup>51</sup>

Die Stadsraad van Kaapstad het besluit om 16 Desember 1907 in te span vir die loodsing van ‘n projek om meer toeriste na die stad te lok. Die projek het as die Cape Gala bekend gestaan en het die versiering van die stad met liggies, spesiale winkeluitstallings en die beskikbaarstelling van meer treine na die stad ingesluit. Dit was soortgelyk aan Blackpool, Engeland, se jaarlikse feestyd. Die Cape Gala is op die aand van die sestiende amptelik deur die stad se burgemeester geopen.<sup>52</sup>

### c. Pogings om wyer statutêre erkenning vir Dingaansdag te verkry (1908)

In Mei 1908 is ‘n konferensie in Pretoria oor Uniewording gehou. By dié geleentheid het die verteenwoordigers van Transvaal, die Oranje-Vrystaat, Natal en Kaap ‘n resoluie aanvaar wat aanbeveel het dat 16 Desember ‘n nasionale vakansiedag in die hele Unie van Suid-Afrika moes word. ‘n Finale besluit kon steeds nie oor die aangeleentheid geneem word nie.<sup>53</sup>

In dieselfde jaar is ‘n wetsontwerp voor die Natalse Parlement gelê met die doel om Dingaansdag in die plek van 29 September (St. Michiëldag) tot openbare vakansiedag in dié kolonie te verklaar. Die poging het misluk weens die teenkating van Durban en Pietermaritzburg se kamers van koophandel, asook verskeie munisipaliteite. Daar is gevrees dat ‘n vakansiedag op 16 Desember, kort voor Kersfees, handel sou benadeel. Die noordelike deel van Natal, wat Utrecht en Vryheid ingesluit het, was nie met die besluit tevrede nie. Op 11 Desember 1908 het die Parlement toegestem dat Dingaansdag wel in daardie gedeelte van Natal as openbare vakansiedag gevier kon word. Staatsdienskantore en skole kon voortaan vir die dag sluit. ‘n Soortgelyke wetsontwerp is ook in 1908 in die Kaapkolonie aanhangig gemaak. Die afhandeling daarvan het só gesloer dat Uniewording in 1910 ‘n besluit daarvoor onnodig gemaak het.<sup>54</sup>

---

<sup>50</sup> *The Friend*, 1907-12-14 (Day by day), p. 4.

<sup>51</sup> *The Friend*, 1907-12-16 (Sport and pastime), p. 8.

<sup>52</sup> *The Friend*, 1907-12-17 (Capetown [sic] fete), p. 5.

<sup>53</sup> *The Friend*, 1908-12-16 (Editorial), p. 4.

<sup>54</sup> D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, pp. 55-57; D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag (1838-1910) II, Die Huisgenoot* 19(666), 1934-12-18, p. 53.

In ‘n redaksionele artikel wat op 16 Desember 1908 in *The Friend* verskyn het, is dit betreur dat die sewentigste herdenking van die Slag van Bloedrivier nog nie amptelik deur die hele Suider-Afrika gevier is nie. Daar is gewys op al die morele lesse wat uit die spesifieke geskiedenis geleer kon word, byvoorbeeld die selfopofferende heldemoed van Retief.<sup>55</sup> In dieselfde uitgawe van hierdie dagblad het ‘n artikel oor die dood van Retief en Bloedrivier verskyn om alle lesers op hoogte van die geskiedenis te bring.<sup>56</sup>

#### d. Gelofteherdenkings en geleentheidsprogramme van 1908

Verskeie Gelofteherdenkings het in 1908 deur Transvaal, die Oranje-Vrystaat en Natal plaasgevind. Een daarvan was by Paardekraal en dit is skynbaar goed bygewoon.<sup>57</sup>

In Pretoria is ‘n groot Dingaansdagsaamtrek in Burgerspark gehou. Op 16 Desember 1908 het ‘n massa van die stad se skoolkinders om 08:00 onder begeleiding van hulle onderwysers na die park gestap. Die verrigtinge is deur ds. H.S. Bosman (1848-1933) gelei. Twee platforms is opgerig waarop die vele sprekers kon optree. Genl. J.C. Smuts sou onder andere daar praat, maar is deur regeringsake in Kaapstad vertraag en was dus afwesig. Drr. W.J. Leyds (1859-1940) en F.V. Engelenburg (1863-1938) was onder die groot aantal teenwoordiges. Die Polisieorkes van Johannesburg, asook Madam Bal se gemengde en dameskore, het vir musiek by die geleentheid gesorg en verversings is deur dames van die Vrouwen Federatie en mev. Cartwright van die Boudoir Café voorsien. Verskeie stalletjies is opgerig waar allerlei produkte gekoop kon word en speletjies is ook aangebied. Van die sprekers (insluitend ds. Bosman) het genoem dat hulle aanvanklik nie bly was om onder die Britse vlag te staan nie. Nou het hulle dit egter as ‘n seën begin beskou, omdat dit Suider-Afrikaners kon verenig.<sup>58</sup> Ten spyte van die indrukwekkende program, is agterna beweer dat die byeenkoms nie die verwagte sukses was nie. Daar is gevoel dat die fees té Nederlands was en nie Afrikaans genoeg nie.<sup>59</sup> Moontlik is dit juis die pro-Britse uitsprake wat die verwyte veroorsaak het.

<sup>55</sup> *The Friend*, 1908-12-16 (Editorial), p. 4.

<sup>56</sup> *The Friend*, 1908-12-16 (Dingaans’ Day), p. 4.

<sup>57</sup> *The Star*, 1908-12-15 (Holiday fixtures), p. 6; *The Star*, 1908-12-16 (To-day’s anniversary), p. 9.

<sup>58</sup> W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, pp. 104, 277; D.W. Krüger and C.J. Beyers (eds.), *Dictionary of South African Biography III*, p. 516; *Pretoria News*, 1908-12-16 (Dingaans’ Day celebration), p. 5; *The Friend*, 1908-12-17 (Pretoria celebrations), p. 8.

<sup>59</sup> *Pretoria News*, 1908-12-17 (Editorial), p. 4.

Ligter vermaak in die stad het ‘n hondeskou, hoenderskou, asook middag- en aandpromenadekonserte in die dieretuin ingesluit.<sup>60</sup> Beide Pagel en Willison se sirkus het aandvertonings gelewer.<sup>61</sup> Spesiale treine is van Johannesburg na Pretoria en Vereeniging gereël vir mense wat ‘n dag lank onderskeidelik in die dieretuin of langs die Vaalrivier wou ontspan.<sup>62</sup>

By Pietersburg se Gelofteherdenking het genl. C.F. Beyers in 1908 as hoofspreker in die Ned. Geref. Kerk opgetree. Hy het ‘n uiters besielende rede oor die waarde van ‘n edele karakter en die groei van die land na afloop van die Anglo-Boereoorlog gelewer. ‘n Groot aantal mense was by die verrigtinge teenwoordig.<sup>63</sup>

Die Vrystaatse teoloog en kindervriend, ds. C.D. Murray, het besluit om ‘n Dingaansfees vir kinders in Bloemfontein te hou. Talle inwoners van die stad het ruim skenkings daarvoor gemaak. Die plan was oorspronklik dat kinders van ses- tot sestienjarige ouderdom en hulle ouers of voogde dit op 16 Desember 1908 in Victoriapark kon bywoon. Weens ongure weer moes die funksie egter na die stadsaal verskuif word. Sowat tweeduisend kinders het opgedaag en die gebou was oorvol. Die seuns moes aan die een kant en die dogters aan die ander kant van die saal sit. Vanaf 16:00 het verskeie kundiges hulle oor die agtergrondgeskiedenis van die dag toegesprek. Die mees geliefde spreker was ds. Murray self. Hy het die seuns gevra om edel en eerlik te leef en die dogters gewaarsku om die jongelinge te vermy, indien die advies nie nagevolg sou word nie. Dié kommentaar het luide gelag en applous uitgelok. Murray het ook die hoop uitgesprek dat Dingaansdag in die toekomstige Unie van Suid-Afrika ‘n nasionale feesdag sou word. Ten slotte kon die dogters na die verversingslokaal gaan om minerale koeldrank, koek, piesangs, lemoene en lekkers te geniet. Eers nadat hulle genoeg gehad het, kon die seuns dieselfde voorreg smaak — ‘n wrede lot vir enige kind!<sup>64</sup>

Die reënweer het ook ander, minder stigtelike programme in die stad omvergewerp. Krieketwedstryde, perdewedrenne, skyfskietkompetisies en ‘n aandkonsert in Victoriapark moes as gevolg daarvan uit- of afgestel word.<sup>65</sup>

---

<sup>60</sup> *Pretoria News*, 1908-12-15 (Advertisements), p. 5; *Pretoria News*, 1908-12-16 (Chicken show), p. 5.

<sup>61</sup> *Pretoria News*, 1908-12-16 (Advertisements), p. 4.

<sup>62</sup> *The Star*, 1908-12-15 (Dingaan’s Day holiday), p. 8.

<sup>63</sup> *The Friend*, 1908-12-18 (Dingaan’s Day), p. 5; *Pretoria News*, 1908-12-16 (Beyers at Pietersburg), p. 5.

<sup>64</sup> *The Friend*, 1908-12-15 (Report), p. 4; *The Friend*, 1908-12-17 (Dingaan’s Day), pp. 5, 8.

<sup>65</sup> *The Friend*, 1908-12-16 (Local sport), p. 7; *The Friend*, 1908-12-17 (Cricket), p. 3; *The Friend*, 1908-12-21 (Victoria Park concert), p. 8.

e. **Dingaansdag 1909**

Dingaansdag 1909 was skynbaar een van die stilste vakansiedae wat Pretoria in jare beleef het. Dit was die gevolg van ongere weer wat mense eerder tuis laat skuiling soek het. Min is bekend oor die jaar se Gelofteherdenkings in dié stad. Die enigste openbare vermaak wat aftrek gekry het, was die stad se rolskaatsbane (‘n gewilde tydverdryf van die tyd). Kroegbase het gewoonlik goeie besigheid op vakansiedae gedoen, maar in 1909 het selfs hulle gekla dat 16 Desember minder inkomste opgelewer het as ‘n gewone weeksdag! ‘n Beplande atletiekprogram en militêre taptoe ten bate van liefdadigheid moes gekanselleer word. Besoekers wat van Johannesburg af gekom het, het die weer in die dieretuin trotseer. Die aand het bioskope darem groot skares gelok,<sup>66</sup> veral ‘n eenmalige vertoning van The Sychrone Opera Company se *Electrophone and Bioscope* in die Operahuis. Dit was ‘n bewegende beeldprojeksie wat saam met ‘n musiekopname vertoon is en ‘n groot sensasie van die tyd was.<sup>67</sup>

In Johannesburg is geleentheidsdienste ter herdenking van die Gelofte in verskeie Afrikaanse gemeentes gehou. Die middag het sowat seshonderd kinders in Braamfontein se Ned. Geref. Kerk saamgetrek en die aand is ‘n soortgelyke byeenkoms aldaar vir volwassenes gehou. Weens die triestige weer kon dit ook nie in die buitelug plaasvind nie.

Geld is tydens die aandprogram ingesamel ten bate van die aankoop van die Geloftekerk in Pietermaritzburg.<sup>68</sup> Nadat hierdie gebou in 1841 in gebruik geneem is, het die gemeente in 1855 besluit om ‘n nuwe kerkgebou op te rig. Laasgenoemde is op 7 April 1861 ingewy en die betrokke kerkraad het besluit om die Geloftekerk te verkoop om die skuld op die nuwe kerk te help verlig. Vervolgens is dit onder meer as skoolgebou, woonhuis, wamakerswinkel, mineraalwaterfabriek, apteek en teekamer gebruik. In 1908 is met die beplanning vir die terugkoop daarvan begin. Dit was op die inisiatief van ds. G.M. Pellissier (1881-1954), sy swaer adv. E.G. Jansen (1881-1959) en die Pietermaritzburgse Afrikanervriend, besigheidsman en joernalis, J.R. Herschensohn (1834-1912). Geld is onder meer by Dingaansfeeste ten bate van hierdie doel ingesamel. Op 22 Februarie 1910 is

---

<sup>66</sup> *Pretoria News*, 1909-12-14 (Athletic sports), p. 7; *Pretoria News*, 1909-12-16 (Military Tattoo), p. 5; *The Friend*, 1909-12-17 (Quiet at Pretoria), p. 5; *Pretoria News*, 1909-12-17 (The holiday), p. 5.

<sup>67</sup> *Pretoria News*, 1909-12-14 (Advertisement), p. 4.

<sup>68</sup> *The Friend*, 1909-12-17 (Dingaan’s Day), p. 5.

die koop gefinaliseer. Die kerk is in ‘n museum oor die Trekgeskiedenis omskep en dit is op 16 Desember 1912 amptelik in gebruik geneem.<sup>69</sup> In die twintigste eeu sou fondsinsamelingsaksies vir soortgelyke verdienstelike volksake toenemend by Dingaansfeeste plaasvind.

Die feesorganiseerders van Vlakfontein by Standerton het genl. Louis Botha genooi om op Dingaansdag 1909 as hulle gasspreker op te tree. Botha het ongelukkig ernstig siek geword en is deur sy dokter aangeraai om in die bed te bly. Dit was ‘n teleurstelling vir die vierders, maar daar was tog ‘n groot opkoms by die fees.<sup>70</sup>

In Bloemfontein het die “Onze Taal”-vereniging op die aand van 16 Desember 1909 ‘n byeenkoms in die Gedenksaal aangebied. Die lokaal was stampvol. Eers is ‘n lesing oor die oorsake van die Groot Trek aangebied. Daarna het ‘n sangsolo, ‘n voordrag van ‘n gedig met die titel *Dingaansdag*, nog drie lesings met ‘n Groot Trektema en verdere musiekitems gevolg. Genl. J.B.M. Hertzog was in die gehoor en is gevra om ‘n paar woorde tot die aanwesiges te spreek. Aangesien die program reeds so lank was, het hy verklaar dat hy graag by ‘n ander geleentheid meer oor die betekenis van Dingaansdag sou praat. Na sy inset is dertig towerlanternbeelde van tonele uit militêre veldtogte en portrette van bekende Boereleiers vertoon. Die vereniging se lied is ten slotte gesing om die verrigtinge te beëindig.<sup>71</sup> Bloemfonteiners wat die aand nie bygewoon het nie, kon meer oor die Trekgeskiedenis uitvind in ‘n artikel wat op 16 Desember 1909 in *The Friend* verskyn het.<sup>72</sup>

Ongeveer tweehonderd mense het vanaf 15 Desember 1909 op die plaas Schuilhoek naby Bloemfontein laer getrek om die Gelofte te herdenk. Die dag is aan sportsoorte soos toutrek, skyfskiet en gewigstoot gewy. Die aand is ‘n debat oor die onderwerp “Het mense sedert 1838 agteruitgegaan wat geloof betref?” gehou. Aan die einde van ‘n lewendige bespreking het die meerderheid teenwoordiges besluit dat mense se geloof oor die algemeen wel minder opreg as

---

<sup>69</sup> D.W. Krüger and C.J. Beyers (eds.), *Dictionary of South African Biography III*, p. 390; C.J. Beyers and J.L. Basson (eds.), *Dictionary of South African biography V*, pp. 378, 573; M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 249; M. Basson, Die Geloftekerk, in Dingaansfeeskomitee van die Kaapse Skiereiland, *Program en soewenier 1838-1938: Dingaansdag eeufeesviering op 14, 15 en 16 Desember 1938, Rosebank se tentoonstellingsgronde*, pp. 21-24.

<sup>70</sup> *The Friend*, 1909-12-17 (Standerton disappointed), p. 5; *Pretoria News*, 1909-12-17 (Day by day), p. 5.

<sup>71</sup> *The Friend*, 1909-12-17 (“Onze Taal”), p. 4.

<sup>72</sup> *The Friend*, 1909-12-16 (Dingaan’s Day), p. 5.

in 1838 was. Verskeie resitasies oor die Groot Trek is voorgedra en ‘n lesing is oor die wondergat naby Marico gehou. Die verrigtinge is met ‘n vuurwerkvertoning afgesluit. Op Dingaansdag is ‘n erediens teen sonop gehou. Nog ‘n diens het om 09:30 gevolg en in die middag is ‘n toespraak vir die kinders gehou oor die voorbeeld wat die Trekkers aan hulle gestel het. Verskeie korter redes deur gemeenskapsleiers het gevolg en ‘n slotdiens het die program afgesluit.<sup>73</sup>

Op Ficksburg is die drama *Margrita Prinsloo* op die aand van 15 Desember 1909 treffend deur die Jongelieden Vereniging in die dorp se stadsaal opgevoer. Dit was hulle bydrae tot die herdenking van Dingaansdag.<sup>74</sup> Hierdie drama is in 1896 deur die bekende teoloog en taalstryder, S.J. du Toit (1847-1911), geskryf en was jare lank ‘n treffer by Dingaansfeeste. Dit het altyd daarin geslaag om gehore diep te raak.<sup>75</sup>

Soos wat dikwels in die verlede aldaar op Dingaansdag die geval was, het reën op 16 Desember 1909 by Heilbron gedreig. Vroegoggend is ‘n geleentheidsdiens in die dorp se Ned. Geref. Kerk aangebied. Tog het ‘n groot klomp mense daarna by Vegkop vir ‘n Dingaansfees in die opelug saamgetrek. Verskeie leraars en honderde inwoners van omliggende dorpe was op die terrein aanwesig. Die byeenkoms was ‘n groot sukses.<sup>76</sup>

Aangesien Dingaansdag 1909 nog nie ‘n amptelike vakansiedag in Natal was nie, het ‘n parlamentsitting op dié datum in Pietermaritzburg plaasgevind. Tydens die middagsessie het die Premier en verskeie lede die hoop uitgespreek dat Dingaansdag ‘n nasionale vakansiedag sou word — ‘n heel ander standpunt as wat algemeen in 1908 gehuldig is. Die Premier het die lede verseker dat die Unieparlement die saak gunstig gesind was.<sup>77</sup> Duidelik was daar vir die eerste keer deur die hele Suider-Afrika steun vir die viering van Dingaansdag en sou dit in die Unie van Suid-Afrika op ‘n groeiende skaal plaasvind.

---

<sup>73</sup> *The Friend*, 1909-12-20 (Dingaans’ Day), p. 4.

<sup>74</sup> *The Friend*, 1909-12-18 (“Margrita Prinsloo”), p. 9.

<sup>75</sup> W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, p. 268; P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 80.

<sup>76</sup> *The Friend*, 1909-12-18 (Heilbron), p. 12.

<sup>77</sup> *The Friend*, 1909-12-17 (Natal assembly), p. 5.

## 6. GELOFTEHERDENKINGS IN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA (1910)

### a. Nasionale statutêre erkenning vir 16 Desember

Op 31 Mei 1910 het die langverwagte Unie van Suid-Afrika tot stand gekom. Die Parlement moes onder meer oor nasionale vakansiedae besluit en op 23 Desember 1910 is die “Wet tot regeling van de Openbare Feestdagen in de Unie van Zuid-Afrika” (Wet 3 van 1910) aangeneem. Daarvolgens is Dingaansdag tot openbare vakansiedag deur die hele land erken.<sup>78</sup>

Dit is nie sonder meer aanvaar nie. Die wetsontwerp is deur die minister van Binnelandse Sake, genl. J.C. Smuts, by die Unievolksraad ingedien. Daar was heftige beswaar van Kaapse handelaars teen die insluiting van Dingaansdag in die Wetsontwerp, omdat hulle gemeen het dat dit handel in die besigste tyd van die jaar sou benadeel. Daar was ook mense wat gemeen het dat die viering van Dingaansdag aanstoot aan swart Suid-Afrikaners sou gee. Na ‘n lang bespreking het die Volksraad die wetsontwerp goedgekeur.

Vervolgens is dit na die Senaat verwys waar W.P. Schreiner gevra het dat die naam Dingaansdag verander moes word. Hy was ook van mening dat dit aanstoot aan anderskleuriges kon gee. Hy is heftig deur ander senaatslede teengestaan en daar is genoem dat anderskleuriges ook deur die oorwinning oor Dingane bevoordeel is. Eers toe is die wetsontwerp finaal goedgekeur.<sup>79</sup>

Teen 16 Desember 1910 was hierdie wet dus nog nie van toepassing nie. Tog het Afrikaners hulle meer as ooit tevore daarvoor beywer om die Geloofte wyd te herdenk.<sup>80</sup> Selfs die Engelse pers was die pogings skynbaar goedgesind en artikels is geplaas om mense oor die agtergrondgeskiedenis van die dag in te lig.<sup>81</sup> In ‘n redaksionele artikel wat in die *Pretoria News* verskyn het, is die mening gelug dat die dag se naam verander moes word. Volgens die koerant was dit ‘n goeie geleentheid om die land se dapper ontslapenes byvoorbeeld Bartolomeu Dias (c. 1450-1500), Vasco da Gama (c. 1460-1524)<sup>82</sup>, Kruger en

<sup>78</sup> D.W. Krüger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910*, p. 57.

<sup>79</sup> *Die Burger*, 1934-12-17 (Van alle kante), p. 5.

<sup>80</sup> M.J. Swart, Vyftig jaar Geloftedag, *Historia* 6(2), Junie 1961, pp. 141-142; A. Wessels, In search of acceptable national symbols for South Africa, *Journal for Contemporary History* 19(2), September 1994, p. 273.

<sup>81</sup> *The Star*, 1910-12-16 (Dingaan’s Day), p. 8.

<sup>82</sup> W.J. de Kock (ed.), *Dictionary of South African biography I*, pp. 198, 241.



Rhodes in herinnering te roep. Alle volkere en kleurgroepe moes uiteindelik die dag saam, volgens hulle onderskeie kulturele tradisies, kon herdenk. Dit was volgens die artikel onaanvaarbaar dat net een veldslag in die geskiedenis vir herdenking deur slegs een segment van die bevolking uitgesonder moes word, terwyl dit ‘n nasionale feesdag kon wees. Duidelik was daar geen kennis oor die Gelofte by die skrywer hiervan nie.<sup>83</sup>

#### **b. Fondinsameling ten bate van die Vrouemonument**

Geld is by dié jaar se Dingaansfeeste ingesamel ten bate van die oprigting van die Vrouemonument in Bloemfontein. In die koerant *De Volkstem* is byvoorbeeld erkenning verleen aan bydraes wat tydens die vierings by Doornkloof (naby Pretoria), Balfour, Kafferskraal (naby Heidelberg) en Witklip (naby Ingogo) gemaak is.<sup>84</sup> Die monument is op 16 Desember 1913 onthul.<sup>85</sup>

#### **c. Transvaalse herdenkings**

In Transvaal was beperkte poskantoor dienste op 16 Desember 1910 beskikbaar. Die besigheidswêreld het oor die algemeen min aandag aan die dag gewy.<sup>86</sup>

Een van die grootste Dingaansfeeste van die na-oorlogse jare het by Paardekraal plaasgevind. Dit is onder andere deur skares mense uit omliggende distrikte bygewoon. Hulle het oudergewoonte dae voor die tyd reeds in tente, waens en skuilings om die monument gekamp. Pas na sonop op 16 Desember 1910, het die aanwesiges na die Krugersdorpse begraafplaas gestap en die grafte met blomme en kranse versier. Die hoofdiens van die dag is om 10:00 deur ds. A.A. Wetch by die monument gehou. Hy het die toehoorders herinner om die Gelofte trou na te kom en Dingaansdag in ere te hou soos wat die Britte die Slag van Trafalgar (21 Oktober) en die Amerikaners hulle Onafhanklikheidsdag (4 Julie) herdenk het. Die jeug moes inspirasie uit hulle heroïese verlede vir die toekoms put. Hy het die volk herhaaldelik teen materialisme gewaarsku. Hy was positief oor die toekoms en het verklaar dat onenigheid tussen Afrikaans-

---

<sup>83</sup> *Pretoria News*, 1910-12-16 (Editorial), p. 4.

<sup>84</sup> *De Volkstem*, 1911-01-06 (‘t Vrouwe-Monument), p. 12.

<sup>85</sup> M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 102.

<sup>86</sup> *The Star*, 1910-12-15 (Notice), p. 9.

en Engelssprekendes in die Unie aan die verdwyn was. Soos by talle ander Dingaansfeeste van dié tyd, is die aanwesiges herinner om hulle geloof, taal en die waardes van hulle voorouers aan te hang. Nog geleentheidsdienste is in die middag en aand gehou. Tydens hierdie byeenkoms is ‘n komitee aangewys om na die oprigting van ‘n gedenksaal vir toekomstige feesvierings op die terrein om te sien.<sup>87</sup> Paardekraal was duidelik steeds dié feessentrum in Transvaal.

Nog ‘n groot fees het by Nooitgedacht plaasgevind waar die klipstapel in 1900 tydens die Anglo-Boereoorlog opgerig is. Op 16 Desember 1910 het ‘n groot groep jongmense om 07:00 Schimmelkop uitgeklim en by die klipstapel van die Boeremagte byeengekom. Pieter Botha, ‘n inwoner van Krugersdorp, het ‘n kort rede gelewer en daarop gewys dat die mense wat in 1900 daar saam was, maar later tydens die Anglo-Boereoorlog gesneuwel het, as “schutsengelen die hoop stenen met hun tranen zullen benatten” as die volk 16 Desember sonder herdenking sou laat verbygaan. ‘n Man genaamd Visscher het bygevoeg “dat het een driewerf schande was voor een Afrikaner om 16 December zonder feestviering voorbij te laten gaan.” Botha het veral die jongmans van die volk aangemoedig om daadkrachtig as leiers op te tree. Na ‘n erediens en sang is die godsdienstprogram onder seile aan die voet van die kop voortgesit. Dit was skynbaar die derde fees op dié plek. Die res van die dag se verrigtinge het uit dienste, redes en ‘n voorlesing van pres. Kruger se rede by Paardekraal (vermoedelik by die fees van 1891) bestaan. Die dag is met ‘n dankgebed afgesluit.<sup>88</sup>

In Pretoria het die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF) ‘n tablo van agt tonele uit die Afrikanergeskiedenis ter viering van Dingaansdag aangebied. In dié stadium was toneel in die Unie nog in sy kinderskoene. Mettertyd sou tablo’s deel van vele feesprogramme word en ook bydra tot die ontwikkeling van hierdie aspek van die uitvoerende kunste.<sup>89</sup> Oudergewoonte is ligter vermaak, byvoorbeeld fietswedrenne, atletiek en musiekprogramme ook op 16 Desember 1910 vir Pretorianers aangebied.<sup>90</sup> Die opkoms by die buitelugplesier was swak weens die geweldige hitte wat dié jaar ondervind is.<sup>91</sup> Dingaansdag was die warmste dag van die somer tot op daardie datum.

---

<sup>87</sup> F. Wallis, Nuusdagboek, pp. 201, 314; *The Star*, 1910-12-17 (West Rand News), p. 7; *The Star*, 1910-12-17 (Paardekraal), p. 7.

<sup>88</sup> *De Volkstem*, 1911-01-06 (Dingaansdag-Feesten), p. 10; P.J.P. du Toit, Dingaans’ Feestgevierd, *De Hervormer* 2(22), 1911-02-15, pp. 9-10.

<sup>89</sup> P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 80.

<sup>90</sup> *Pretoria News*, 1910-12-15 (Dingaans’ Day Sports), p. 3; *Pretoria News*, 1910-12-15 (Dingaans’ Day), p. 5.

<sup>91</sup> *Pretoria News*, 1910-12-17 (Athletics), p. 4.

Spesiale treine het Johannesburgers soos in voorafgaande jare na ontspanningsterreine buite die stad vervoer. Die warm weer het die treinritte gewild gemaak. Sportbyeenkomste het algemeen op die Witwatersrand plaasgevind en dit kom voor of die herdenking van die Gelofte vir min inwoners van die Goudstad ‘n prioriteit was.<sup>92</sup>

Verskeie Dingaansfeeste het in die omgewing van Potchefstroom plaasgevind.<sup>93</sup> Dit was ook die geval in die Waterberge, waar ‘n program by Doornfontein byvoorbeeld oor twee dae gestrek het. Op 15 Desember 1910 het ‘n voorbereidingsdiens daar plaasgevind en op 16 Desember ‘n biduur, feesdiens om 10:00, vertelling van die volksgeskiedenis deur ‘n plaaslike onderwyser om 15:00 en afsluitingsdiens om 17:00. Die behoefte is daar geïdentifiseer om eerder groot sentrale feeste met goeie sprekers te hou, as kleiner plaaslike byeenkomste met minder indrukwekkende programme.<sup>94</sup>

Op Volksrust het die meeste mense 16 Desember 1910 skynbaar ongemerk laat verbygaan. Engelssprekende lede van die gemeenskap was onverskillig teenoor die viering van die dag. ‘n Diens is darem in die Verenigde Kerk deur een van die plaaslike ouderlinge gelei. In die omgewing het verskeie feeste op plase plaasgevind, byvoorbeeld by Rooidraai en Weltevreden. Anders as wat in die omgewing van Amersfoort die geval was, het hierdie byeenkomste nie onder leiding van verkose feeskomitees gestaan nie, met die gevolg dat die reëlins nie na wense was nie.<sup>95</sup>

In Standerton se omgewing was die Dingaansfeeste wat die meeste populariteit onder die jeug geniet het, dié waar boeresport en soortgelyke vermaak deel van die programme was. Dit het enkele feesgangers gegrief omdat hulle van mening was dat Dingaansdag slegs met erns soos ‘n Sabbat herdenk moes word. ‘n Ontevrede Standertonner het oor die ligter vermaak op feesprogramme geskryf: “... ‘t word vergeten dat Dingaansdag, ‘n dag is, niet voor sport en spulletjes, maar ‘n dag om in God gewijd, door te brengen.” Hy het vertel hoe spelletjies soos vierperdewa op 15 Desember gespeel is, in plaas daarvan dat daar in ootmoed vir die herdenking van die Gelofte op 16 Desember voorberei is. Die Standertonse feeskomitee het tot sy verligting verbied dat laasgenoemde spel in die toekoms by hulle feeste gespeel sou word.<sup>96</sup>

---

<sup>92</sup> *The Star*, 1910-12-16 (Dingaan’s Day), p. 9; *The Friend*, 1910-12-17 (A hot holiday), p. 4.

<sup>93</sup> *The Star*, 1910-12-16 (Dingaan’s Day), p. 9.

<sup>94</sup> *De Volkstem*, 1911-01-06 (Dingaansdag-Feesten), p. 10.

<sup>95</sup> *De Volkstem*, 1911-01-06 (Volksrust), p. 4.

<sup>96</sup> *De Volkstem*, 1911-01-06 (Brief: L.E. (pseud.), Standerton), p. 6.

Oud-Pres. M.T. Steyn (1857-1916)<sup>97</sup> het by Balfour se fees as spreker opgetree en oor die geestelike en materiële armoede van die volk gepraat. Hy het ook gewaarsku dat rasseverhoudings ‘n universele bedreiging vir wêreldvrede was. Ten slotte het hy die teenwoordiges vermaan om ordentlike lewens te lei en op God te vertrou.<sup>98</sup>

#### d. Vierings in die Oranje-Vrystaat

In Bloemfontein is probleme weer in 1910 ondervind met winkels wat buite die wettige ure wou handeldryf. Na aanleiding daarvan het *The Friend* lesers herinner dat die Wet op Openbare Vakansiedae wel eers op 1 Januarie 1911 van krag sou word, maar dat die voorafgaande wetgewing steeds van krag was, waarvolgens 16 Desember nog ‘n openbare vakansiedag in die Oranje-Vrystaat sou wees.<sup>99</sup> Ligter vermaak in Bloemfontein op dié dag het onder meer uit atletiek, fietswedrenne en pieknieks bestaan. Goeie weer het die aktiwiteite moontlik gemaak.<sup>100</sup> ‘n Promenadekonsert is vanaf 20:00 in Victoriapark aangebied.<sup>101</sup> Min is oor Bloemfonteiners se Geloofteherdenkings van die jaar bekend.

By De Wetsdrift, Vrededorp, het ‘n groot Dingaansfees plaasgevind. Donderdag 15 Desember 1910 is vrolik deurgebring. ‘n Verskeidenheid wedrenne (vermoedelik perdewedrenne) is onder meer gehou. ‘n Konsert met samesprake en die sing van geestelike liedere het die aand vanaf 20:00 plaasgevind. Die plaaslike feeskomitee het bespreek of sodanige vermaak op die dag voor Dingaansdag sou tuishoort. Ten spyte van enkele besware het hulle besluit om dit tog te behou. Die rede hiervoor was dat geen kwaad met die vermaak bedoel is nie en dat dit volgens hulle juis sou dien om mense wat andersins sou wegbly, na feeste te lok. So kon hulle dan ook by die meer ernstige herdenkingselemente betrek word. Op 16 Desember is by ‘n meer gewyde programinhoud gehou, met ‘n biduur om 07:00, feesrede en erediens om 11:00 en nog dienste in die middag. Die plaaslike leraar was met vakansie weg en die “skape was herderloos” by die geleentheid. Die aanwesiges het dit diep betreur. In ‘n verslag oor hierdie fees is spesiaal melding gemaak daarvan dat die mans by die fees betower is deur die pragtige meisies wat dit bygewoon het!<sup>102</sup>

---

<sup>97</sup> W.J. de Kock and D.W. Krüger (eds.), *Dictionary of South African biography II*, p. 707.  
<sup>98</sup> M.J. Swart, President Steyn en Geloftedag, *Die Kerkbode* 88(24), 1961-12-13, pp. 882-883.  
<sup>99</sup> *The Friend*, 1910-12-14 (Letter: Storekeeper (pseud.), Bloemfontein and response), p. 6.  
<sup>100</sup> *The Friend*, 1910-12-17 (Day by day), p. 5; *The Friend*, 1910-12-17 (Dingaans’ Day), p. 6.  
<sup>101</sup> *The Friend*, 1910-12-14 (Day by day), p. 5.  
<sup>102</sup> *De Volkstem*, 1911-01-06 (Dingaansdag-Feesten), p. 10.

Fauresmith se kinders het op 16 Desember 1910 op die dorp se landbouskougronde byeengekom. Daar is hulle oor die geskiedenis rondom die ontstaan van Dingaansdag en lesse uit die verlede toegesprek. Verder is die dag stil deurgebring. Op Jagersfontein is ‘n spesiale oggenddiens in die Ned. Geref. Kerk gehou. Die aand het die regsgeleerde, G.C. Tomlinson (1887-1955), ‘n toepaslike lesing in die dorp se stadsaal gehou.<sup>103</sup> Ook op Trompsburg het die dag rustig verloop. ‘n Soortgelyke toespraak oor die Groot Trek is in die YMCA-saal gehou, waar oues van dae hulle herinneringe met die aanwesiges gedeel het.<sup>104</sup>

#### e. Herdenkings en houdings in Natal en die Kaapprovinsie

Die enigste inligting wat omtrent die jaar se Gelofteherdenkings in Natal bekend is, is dat ‘n erediens op die oggend van 16 Desember 1910 deur die Ned. Geref. Kerk by Danskraal gehou is.<sup>105</sup>

Hoewel 16 Desember voortaan volgens die wetboek in al vier provinsies van die Unie van Suid-Afrika gevier kon word, het die Afrikaners in die Kaap die dag nie dadelik vir hulleself toegeëien nie. Baie was van mening dat die Gelofte slegs op die nasate van die Trekkers van toepassing was. Hulle het wel behoefte aan ‘n eie Afrikaanse volksfees gehad.<sup>106</sup> In die loop van die twintigste eeu sou Dingaansdagvierings onder die leiding van entoesiastiese organiseerders in dié provinsie groei om aan hierdie behoefte te beantwoord. Sodoende het hierdie feesdag die geleentheid geword waar Afrikaners landswyd hulle lewensuitkyk op ‘n jaarlikse grondslag kon openbaar en hulle intellektuele en geestelike waardes opnuut kon omlin.

#### f. Toekoms

Die grootskaalse viering van 16 Desember sou uiteindelik ‘n omvattende blik op die Afrikaner se nasionale oogmerke, innerlike dryfvere en nagestreefde ideale bied.<sup>107</sup> Baie water moes egter vanaf 1910 in die see loop voordat dit die geval sou wees.

---

<sup>103</sup> C.J. Beyers (ed.), *Dictionary of South African biography IV*, p. 655; *The Friend*, 1910-12-21 (Country day by day), p. 2.

<sup>104</sup> *The Friend*, 1910-12-21 (Country day by day), p. 3.

<sup>105</sup> *The Friend*, 1910-12-17 (A hot holiday), p. 4.

<sup>106</sup> P.H. Kapp, *Ons Volksfeeste*, p. 23.

<sup>107</sup> *Dagbreek en Sondagnuus*, 1947-12-21 (Redaksioneel), p. 9.